

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 45

STORM OP SEE

*Hy spreek, en om die skepe
spring wilde bare op,
die winde is die swepe
wat hul tot woede klop.
Hul hart versmelt van wee —
hul vleg deur hoë golwe
of skuif langs holle seë,
in dieptes haas bedolwe.*

*Ver trek die stormgeruisel
die wind se krag's gespil,
daar kom 'n sag gesuisel,
die golfslag word weer stil.
Dan is hul harte bly
deur God se goeie gawe;
die skip, van onweer vry,
bring Hy in veilge hawe.*

Die Vraagteken

Ons beantwoord graag vrae in Quo Vadis?

Want ons weet daar is baie vrae.

Vrae wat innerlike kwellinge en verlangens na vore bring.

Vrae wat getuig van verwarring en misverstand.

Vrae wat interessantheidshalwe gevra word.

Vrae wat probeer om dinge belaglik te maak — spottende vrae. Vrae wat oorloop uit 'n opstandige hart. Vrae wat 'n valstrik probeer stel — strikvrae. Vrae wat lastig is, want die antwoorde is nie helder nie. Vrae wat dwaas is en vrae wat wys is.

ONS KAN ONS VRAE BELANGRIKER VIND AS GOD SE ANTWOORDE

Dit is 'n belangrike stelling.

Dit is dié mense wat altyd soek maar nié wil vind nie.

Dis altyd: “ja - - - - maar!”

Hierdie uitgawe van “Quo Vadis?” moet versorg word deur die ondergetekende.

Ons maak dit die uitgawe van die vraagsteller.

My innige hoop is dat my antwoorde die vrae sal stilmaak.

En tog, elke antwoord roep dikwels weer na 'n ander vraag.

Daar sal altyd baie vrae oorbly.

Vra maar — Quo Vadis? Posbus 20008, Noordbrug.

W. J. de Klerk

Wie is God?

Denkers en filosowe en wetenskaplikes probeer Hom ontdek, maar die rekenkundige syfers klop eenvoudig nie — God is wykend!

Is God daar? vra 'n ongelukkige in die eensaamheid en ballingskap van sy siel.

In ons oog blink die onbeweeglikheid van lugvertes en oor die wye lande lê die grote stilte van God. Dan roep die mense: “God is die Onbekende, die Swygende God.”

Wie is God?

God is vir baie 'n vreemdeling — die afwesige Idee — Hy word gekompliseerd en onpersoonlik — Hy word die onbekende God.

Die dogma ... daarom kan ons Hom nie waarlik aanbid en hartstogtelik liefhê nie, want so 'n God is te ver en te vreemd.

Ja, God is die Andere — die Onpeilbare en Onsienlike, maar God is nie 'n geheim nie.

Jesus het vir ons die antwoord meegebring uit die hemel. Niemand het God nog ooit gesien nie, behalwe die Seun — en die Seun wat in die skoot van die Vader was, het Hom aan ons openbaar.

In Christus het God "vles en bloed" gekry. In Hom is die woorde en dade van die Here. Die mensdom het die hart van God gesien, want Christus het nie geleef en gely agter gordyne nie.

"Ek is lankal by julle" ... Op die pleine van Jerusalem. In die Bybel wandel Hy in ons huise. In die kerk is dit die groet van God. In die sakramente buig Hy oor ons neer. Deur die Gees getuig Hy in ons harte.

In Jesus Christus is God vir ons die Bekende God.

Gaan kyk in die Bybel na die geskiedenis van Jesus as u God in aksie wil sien.

In die nag van Bethlehem het ons God gesien as die Bewoëne wat afkom na sy mense — neerdalend. In selfontkleding en ontferming — dit is die Here.

In die gekromde skouers van Golgota leer u God ken as die Verlosser.

Ek het God gesien as die doodsvernietiger en lewensverwekker, deur die opstanding van Jesus Christus.

By die Hemelvaart het ek gesien dat God met omgekeerde seënende hande in die onpeilbare blou verdwyn.

Ek het God hier op ons aarde sien staan tussen die hopies menslike ellende. Ek het Hom hoor roep: "Jerusalem, Ek wil jou bymekaar maak soos 'n hen haar kuikentjies."

Ek het gehoor dat God medelyde het met ons swakhede ...

Maar ek het ook iets anders gesien:

'n Donker drie ure.

Vlammende oordeel.

Een geskeurde aan 'n kruis.

En nou weet ons ook dat God oordeel. Hy is 'n streng Regter!

Om God te vind, moet u eers 'n paar mure afbreek.

Die muur van die valse mistiek wat van God 'n onbekende idee maak.

Die muur van die vreemde, onpersoonlike, abstrakte sfeer tussen ons en God.

God is vir ons bekend en naby.

Ons spekuleer nie — ons weet!

Omdat ons in Jesus Christus glo.

Het God swart hande?

Dis 'n parmantige vraag en dis vol Godsbelediging.

Maar dis jou vraag — mag God jou vergewe!

Ek sal daarop antwoord — sodat jy van jou lasterlike gedagtes verlos kan word.

Swart hande? Hande wat kindertjies laat sterwe en onmisbare moeders vir jare vasbind aan 'n siekbed met vretende kanker. Hande wat bloed vergiet op die slagvelde en mense vaskeer in diep mynskagte waar hulle stadig maar seker sterwe — en dit terwyl hulle selfs vurig bid!

Swart hande wat martel en onverwags, amper half ingedagte, ons dood knyp.

Nee, tot in die onberekenbare toe: Nee, nee, nee! Hoekom skrywe jy al die ellende aan God se hande toe? Dit was die mens se swart hande wat na God gereik het. God is geensins die bewerker van die ellende nie.

Op eie verantwoordelikheid het die mens in sonde geval. En daardeur het die mens die vloek in sy lewe gebring. Op alle terreine werk dood en lyding.

En ons is daagliks medeskuldig in ons uitdaging van God. Dit is ons wat alles wat mooi was, lelik gemaak het, alles wat heel was, verpletter het. En nou is dit 'n deel van ons sondebestaan, dat alles stukkend is en dat lyding nou deel is van ons natuurlike lewe. Dit is die gevolge van die sonde.

Hoekom meen jy God het swart hande? Wat van die *Duiwel* wat sy vreugde en sy werk daarin vind om mense in die diepste nood te stort en hulle te slaan met blindheid en stomheid en selfvernietiging. Ons lees van die verskriklike dinge wat Job oorgekom het en die Bybel sê dat dit die Satan se werk was. En Jesus praat van 'n siek vrou wat 18 jaar deur Satan gebind is. Hy is die mense-moordenaar — die geweldenaar met die swart hande — vandag nog. Dit is waar dat *niks deur toeval geskied nie* en dat God ook 'n verband het met die lyde. Maar dan is God nie "met swart hande" by al die ellende betrokke nie.

God skakel die ellende van volke en mense in Sy plan in wat alwys en algoed is.

God gebruik die lyding as strafmiddel.

God beskik smarte as toetsing en beproewing.

God gee in die ellende die teken van sy oordeel en daarom 'n teken van die einde. In alle lyding en nood het God "wit hande".

Roepende hande.

Seënende hande.

Regverdige hande.

Ons moet nugter wees en weet dat as deel van ons sondige menswees, elkeen sy eie lydensvrag moet dra.

Ons moet ons bekeer en in ons gelowige omgang met God ons las dra en na die Here toe vlug.

Daar bly baie vrae wat onbeantwoord sal bly.

Daar bly baie trane wat diep invreet.

Ons het hier met die grootste geheim op aarde te doen, naamlik God en die lyding.

As jy God "swart hande" wil gee kom jy op die grense van die grootste lastering wat in 'n mens se gedagtes kan opkom.

Want U, Heer, ontferm U oor my. Op U bou ek, wat my ook al tref.

Die Christendom is mos aan die verloorkant, of hoe?

Christene in Afrika 17%. In Asië 13%. In Rusland 5%. In China punt 9%. In Europa 82% (meeste is nog maar uiterlik 'n Christen). In Amerika (Noord en Suid) 76% — en daar is die Christene ook maar bolangs.

Eenvoudige rekenkunde sê dus dat die *Christendom bankrot is!* Jy maak een groot fout.

Is die meerderheid altyd die wenners?

Is rekenkundige syfers oral van pas?

Hoe werk God se rekenkunde?

Die Bybel sê dat God nie alle mense na Hom toe trek nie. Die Bybel sê dat die Here juis skeiding bring en telkens die klein getal vir Hom oorhou.

Die mensemassa is met die sondvloed verdelg.

God het agt mense gehou.

Tussen duisende Israëliete onder koning Agab, het die Here 7,000 vir Hom afgesonder.

Die skares het Jesus verlaat en alleen handjiesvol mense was sy volgelinge. Die Bybel praat só dikwels van die *klein kuddetjie*. Christus sê: "baie is geroep en min is uitverkies." Die Openbaringboek sê dat in die eindtye, wanneer die wêreld naby vergaan is, die magte teen God geweldig sal uitbrei en die gelowiges uitgedun sal wees.

Die Here se rekenkunde is anders. Hy tel nie net nie, maar Hy weeg ook.

Alles is dus nog volgens plan. Christus staan nie aan die verloorkant nie.

Hy is nie die verleë kandidaat wat misluk het om die stemme vir Hom bymekaar te maak nie. Hy weet wie syne is. Die klein kuddetjie uit alle volke en lande, maar hulle sal saam met Hom die wêreld regeer.

En jy word uitgenooi om saam te kom. Of is jy 'n man van getalle? Glo jy dat die meerderheid altyd reg is? Dat die meerderheid altyd wen?

My vraagteken agter die kerk?

Die kerk is te swaarmoedig. Die atmosfeer is neerdrukkend. Soos 'n string krale is die mense ingeryg in die banke. In ritmiese daling en styging vul die monotone stem van 'n spreker die gebou. As jy rondom jou kyk, merk jy maar min van die Gees waaroor die dominee so warm word.

Die verskeurdheid van die kerk is só verwarrend dat 'n mens twyfel aan die kerk. Watter kerk is die regte een?

Die kerk is 'n kliek. Daar is geen plek vir jou in die kerk as jy nie van die "hoë mense" is nie.

Hoe sal ons antwoord?

Verstaan my goed — ek wil geen verskonings maak vir die sondes van die kerk nie. Daar is baie verkeerd. Ook die kerk word ontsier deur die verderwende mag van Satan.

Juis die kerkmense bewys dat verlossing só noodsaaklik is en dat ons ellendige mense is. Die kerk is daarom ook 'n vergadering van sondaars.

Tog bely ons: “ons glo aan die kerk.”

Die kerk is 'n stigting vanuit die hemel na die aarde toe.

Die kerk is nie geïsoleerd nie, maar dit is 'n deel van 'n groot geheel.

Hier is die historiese band met die ganse uitverkore mensheid en die voortsetting van die genadeverbond met Abraham.

Die kerk omspan alle eeue en volke en haar lidmate is geheilig in Christus en deel van die herbore mensheid. Sy is die tempel van die lewende God, die kudde van die goeie Herder, die slagorde van die hemelse Koning en die binnevesting van die koninkryk van God op aarde.

Die kerk vind haar fondament in Jesus Christus, soos verkondig deur die apostels, en sy verrys in hierdie wêreld as 'n gebou van God met vensters oop na die Vaders troon.

Die kerk is 'n ligtoring in die storm, 'n herberg vir die swerwer, 'n feessaal vir die eensame en 'n lafenis vir die dorstige. Sy is die moeder wat versorg en troos, vermaan en tugtig, voed en opvoed. Die kerk is 'n gemeenskap — steen vir steen, gebak in God se oonde, word haar lidmate saamgevoeg tot 'n stewige vesting, sodat hulle mekaar broers en susters noem. 'n Geloofsgemeenskap met een belydenis; 'n profetiese gemeenskap besiel deur een Gees; 'n liefdes-gemeenskap wat saam vergiffenis ontvang het en daarom ook saam vergiffenis gee; 'n profetiese gemeenskap wat die saad verder saai; 'n priesterlike gemeenskap wat offervure laat brand uit dankbaarheid; 'n biddende gemeenskap wat aanbid en die wêreld dra in haar gebede; 'n wagtende gemeenskap wat die wolke dophou vir Sy koms en die vyeboom ondersoek om vas te stel of die tyd al naby is; 'n Christusgemeenskap wat die appel van Sy oog en die voorwerp van Sy besondere liefdevolle erbarme is.

“Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, één wyn en drank vloei en tot een vermeng word, netso sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is deur Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam één liggaam wees, en dit nie alleen met woord nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.”

Van hierdie kerk moet jy 'n lewende lidmaat wees — 'n belydende sondaar wat jou fakkels by die ligbron gaan aansteek, 'n gehoorsame hoorder wat die Woord toepas en bewaar, 'n oorgegewe yweraar en 'n voorbeeldige lewenswandelaar.

Bots die Bybel nie met die Wetenskap nie?

Wie sê so?

Ek wil beweer dat dit 'n skinderstorie is.

Het die wetenskap dan nie evolusie bewys nie?

Ek het geweet die vraag gaan kom, want as daar van botsings tussen Bybel en wetenskap gepraat word, gaan dit gewoonlik om evolusie.

Evolusie is die teorie dat alle lewende wesens ontwikkel het uit 'n oerstof of oersel.

Ander evolusiemense sê dat lewe nie uit stof gekom het nie, maar dat lewe en stof langs mekaar ontwikkel het.

Hulle verwerp in elk geval die leer van die Bybel wat van skepping praat, en dan sê hulle dat evolusie deur die wetenskap bewys is!

Dit is nie waar nie.

Die werklike wetenskaplike geleerdes wat nie eers in die Bybel glo nie, verklaar dat evolusie nié bewys is nie.

Die hele evolusieteorie moet drie dinge bewys:

1. Dat alles wat bestaan, op mekaar volg.
2. Dat een soort uit die ander soort ontwikkel.
3. Dat daar tussenvorme tussen die verskillende soorte bestaan (iets tussen plant en dier en dier en mens).

EN NIE EEN VAN DIE DINGE IS BEWYS NIE.

Die wetenskaplikes erken selfs dat die oermense wat hulle opgegrawe het nie voorvaders van mense kan wees nie, maar 'n hoë vorm van dierelewe wat waarskynlik uitgesterwe het. Nee — tot op datum deurstaan die Bybelse waarheid elke toets van groot geleerdes.

En hierdie geleerdes verwonder hulle aan die wonder van die Bybel.

As iemand kan wys op 'n botsing tussen Bybel en wetenskap dan is dit of één van twee óf die wetenskap maak 'n fout (en dit kan; hulle het eentyd gesê dit vat 1,000,000 jaar om olie te vorm. Op grond van navorsing sê hulle nou dit kan 100 jaar vat). Dus: óf die wetenskap maak 'n fout of die Bybel word op die punt verkeerd uitgelê. Maar 'n werklike botsing kan daar nie wees nie.

Is dit swaar om 'n Christen te wees?

Nee, dis heerlik.

Wat wel swaar is, is om te maak of jy 'n Christen is. Dit word naderhand 'n ondraaglike las. Dis soos 'n vrou wat haar grys hare swart geverf het. Nou moet sy voortdurend op haar hoede wees dat die nuwe groeisel nie onder die geverfde hare uitsteek nie. Haar moeilikheid kom egter wanneer sy hospitaal toe moet gaan waar daar nie kleurmiddels voorhande is nie. Na 'n paar weke weet al haar vriendinne dat die mooi bos swart hare waarmee sy so gespog het, bluf was. Dan lyk sy miserabel, en sy weet dit. Dis swaar. Om dieselfde rede is dit swaar om die valse skyn te handhaaf dat jy 'n Christen is. Eendag voor God se regterstoel, sal so 'n mens ook miserabel lyk en voel.

Nou die vraag of dit swaar is om 'n Christen te wees?

Jy kan ewegoed aan 'n vis vra of dit swaar is om altyd in die water te wees. Wat wel swaar is, is wanneer 'n vis op die droë grond sou probeer lewe. So is dit swaar as 'n Christen nie 'n Christen wil wees nie. Uit skaamte, mensevrees of om watter rede ookal.

Die Duitse wysgeer Nietzsche het gesê: “ek weier om 'n Christen te wees, omdat die Christene so weinig verlos daar uitsien.” Die vraag is nou net of Nietzsche ooit ware Christene geken het, en of hy hom blindgestaar het teen hierdie skynmense van wie ons flus gepraat het? Ongelukkig is daar vandag nog baie mense wat dink dat 'n Christen so 'n ou suurpruim moet wees dat hy eerder sy katjie se stertjie sal afsny as om toe te laat dat hy daarmee speel.

'n Christen is 'n vrolike mens. Nie losbandig, uitspattig, verspot nie. Maar met 'n onblusbare sielsblyheid wat van binne uitstraal soos mooi, getemperde lig.

Toe Paulus en Silas in die gevangenis in Filippi gesit het met hul liggame rooi bebloed en halfnakend soos hul klere die vorige dag van hul lywe afgeskeur en hul met stokke geslaan is, het hulle om middernag lofliedere gesing (Handelinge 16:25).

Iemand wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n krygsgevangene in 'n kamp in Japan was, vertel hoe die manne aanvanklik, toe alles nog goed gegaan het, allerlei vrolike liedjies gesing het. Maar toe kom die honger en die disenterie. In plaas van liedere het 'n mens toe van agter die meeste bamboesmure vloeke, sugte en jammerkrete gehoor.

Hy skryf: "Ek sal nooit die Nuwejaarsmôre van 1945 vergeet nie. Toe was die nood op die hoogste. Die ellende was afgrylik. Die mense het letterlik met die dood in hulle skoene rondgeloopt. Kyk, toe staan daar 'n duisend tot op die geraamte verhongerde mense op die veld, en hulle sing:

Beswyk dan ooit in bitter smart of
bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed
my Rots, my deel, my ewige goed".

Hieruit blyk dat dit swaar is om nie 'n Christen te wees nie. Dis swaar om 'n ongelowige mens te wees.

Veral soms, wanneer die onheil orkane van wanhoop oor die mensemasse's opswiep. Om 'n Christen te wees is dan die enigste wat die lewe draaglik en selfs vrolik maak.

Christene sing lofliedere op 'n begrafnis.

Hoekom?

Omdat Jesus gesê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Mat. 11:28).

En Paulus: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:4).

Soek u hierdie onverwoesbare lewensblydskap?

U sal dit in Jesus Christus vind.

Hy sê ook aan u: "*Kom na My toe...*"

P. W. Buys

Vrae aan God

As jy vrae wil stel, sal ek nou aan jou 'n klomp positiewe vrae gee:

1. Keer terug, Here, red my siel; verlos my om U goedertierenheid ontwil.
2. Hou my terug van moedswillige sondes; laat dit oor my nie heers nie.
3. Here, maak my U weë bekend; leer my U paaie. Lei my in U waarheid en leer my.
4. Om U Naam ontwil, Here, vergeef my ongeregtigheid, want dit is groot.
5. Die benoudhede van my hart is wyd uitgestrek; lei my uit my angste.
6. Verwerp my nie van U aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.
7. Waar sou ek heengaan van U Gees en waarheen vlug van U aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk U is daar.
8. Bewaar my van die mag van die vangnet, van die wat vir my strikke stel.

En wat is die antwoord van die Here?

Die Here is naby die wat gebroke is van hart en Hy verlos dié wat verslae is van gees.

Ek is die goeie Herder.

Ek is die brood van die lewe.

Ek is die lig van die wêreld.

Elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, het die ewige lewe; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."

Want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja sê: Here, wie het ons prediking geglo?"

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.

Gewetensvrae aan die leses

1. Wat het jy bereik met jou wegbreek van die kerk en die godsdienst? Het jy geluk en vrede gevind?
2. Waarom is jy so emosioneel as ons oor die godsdienst praat? Jy word kwaad op 'n onbeheersde manier. Jy voel omgekrap.
Is jy seker van jouself en jou keuse? Waarom laat jou gewete jou nie met rus nie? Is jy bang? Of trots om terug te keer?
3. Na wie sal jy gaan in daardie laaste verwilderde nag? As die winde soos wolwe huil en die ewige vierskaar jou inwag!

O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk. Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

Dit is die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê; en hierdie belofte moet aan alle volke en mense — sonder enige onderskeid verkondig en voorgestel word, met die bevel van bekering en geloof.

Verstandige vrae

1. Wat is my enigste troos in lewe en in sterwe?

Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe.

2. Wat is 'n ware geloof?

'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louere genade, alleen terwille van die verdienste van Christus.

3. Hoe is ek regverdig voor God?

Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; só dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooe van God swaar gesondig en geneen daarvan gehou het nie, en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade, die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, vir sover ek die weldaad met 'n gelowige hart aanneem.